

Sing vooraf staande: Psalm 84:1 (p. 424)

Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 19:1 (p. 82)

Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde en wetenskap / deur al sy donker wake.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Aflegging van Geloofsbelydenis:

Psalm 134:3, 4 (p. 653)

Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.

Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Nadat almal weer plek ingeneem het:

Psalm 9:7 (p. 37)

Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil verroue, / is by U veilig en behoue.

Skriflesing: Romeine 12

Teks: Romeine 12:1, 2

En nou doen ek 'n beroep op julle, broeders, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. *Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.* (Romeine 12:1, 2 AFR53)

In die voorafgaande hoofstukke van die Romeinebrief is die genade van die Here breedvoerig behandel.

- Die apostel het vir die gemeente verduidelik dat ons dood is vir die sonde, maar lewe deur die Heilige Gees.
- Hy het in 'n roemlied geskryf dat God vir ons is en dat niks teen ons kan wees nie (Romeine 8:31-39).
- Daarna volg die openbaring hoe die Here ons uitverkies het sonder dat ons iets goed of kwaad gedoen het.

Aan die einde van al hierdie baie openbaringe van genade volg daar weer 'n roemlied waarin daar gevra word: Kan mens nou hierdie raad verstaan? Luister weer na die woorde van hoofstuk 11:33:

O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! (Romeine 11:33 AFR53)

“Hoe ondeurgrondelik is ...”

- Is die raad van die Here so onbegryplik dat ons nooit kan weet wat die Here van ons verwag nie?
- Is dit waar dat die Here ons voor eise kan stel wat ons nie kan weet waar ons daarmee moet heen nie?
- Die antwoord is dat ons hierdie ondeurgrondelike liefde van God kan verstaan as ons bereid is om stil te raak voor God en voor Hom te buig.

Luister na die Here se genade:

- Deur die genade van God het Hy ons deur die dood van die Here Jesus Christus en deur die verdienste van die Here Jesus Christus oorgebring in die ryk van sy Seun (DL. 3/4:10).
- Hierdie mense word deur die Here saamgebring in sy kerk, en hulle word deur sy Woord en Gees beskerm en opgebou. So sit u vandag as sulke veranderde mense in hierdie kerk.
- Maar, wat is ons roeping in die kerk? Dit wat in die teksvers staan! En **nou** doen ek 'n beroep op julle ... **Nou**, nadat ons dit alles weet, kan ons weet wat die Here van ons vra as ons net bereid raak om onself van die wêreld af los te maak en onself aan God te gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.

Al twee hierdie dinge is uiters belangrik:

- Ons moet bereid wees om ons van die wêreld af los te maak.
- Ons moet onself as lewende en heilige offers aan God gee.

Daarom begin hierdie hoofstuk met die opskerpings dat ons liggame **lewende en heilige** offers vir God is en dat ons moet sorg dat dit so bly.

- Dit is baie belangrik dat ons besef dat die Here een saak baie duidelik maak, naamlik *dat ons reeds so verander is deur die Here* dat ons nie meer deel is van hierdie wêreld nie.
- Natuurlik beteken dit nie dat die wêreld ons nou gaan uitlos nie – dit gaan ons aanval om ons nuwe natuur te probeer vernietig.
- Daarmee teken die Bybel die teëstelling waarin die gelowige met die wêreld staan: Moenie dieselfde as hierdie wêreld word nie (want jy is nie dieselfde nie)!

Om te weet wat die kenmerke van hierdie tydsgewrig is, moet ons oplet na dinge wat die Bybel van ons en van ons mense te sê het.

- Die soort van **wysheid wat jy in hierdie wêreld kry**, is dwaas – die Bybel sê nogal dat die Here hierdie wêreld se wysheid dwaas gemaak het.
- Dit maak nie saak wie die persoon is wat dit beoefen nie, want onder die beoefenaars van hierdie wêreldse dwaasheid is mense wat net stry, maar ook slim mense en selfs teoloë (1 Korintiërs 1:20).

Die teenoorgestelde kry ons weer in 1 Korintiërs 2:6 waar die Bybel leer dat **die wysheid van God** nie soos die heersers van hierdie wêreld of soos hierdie wêreld self sal vergaan nie.

Die wysheid van God lei ons in die toekomstige bedeling in. Die toekomstige bedeling is nie iets vaags of iets wat ver van ons af staan nie.

- Dit het reeds met Christus begin (1 Korintiërs 10:11).
- Die Hebreërbrief stel dit duidelik dat die voleinding reeds begin het toe die Here Jesus eenkeer in die voleinding verskyn het om die sondes met sy offer weg te neem (9:26).
- Die voleinding het toe ook in ons lewens begin, want die Heilige Gees is oor ons uitgestort, en Hy het ons insig verander.

Die Heilige Gees het inderdaad 'n nuwe insig in ons gewerk, want meteens het ons die insig dat ons nie meer aan die duiwel behoort nie, en dat ons ook nie meer in ons ou lewe vasgevang is nie. Ons is nou in 'n nuwe lewe waar ons aan die Here behoort. In hierdie lewe het ons sy wil wat aan ons openbaar hoe sulke nuwe mense moet lewe.

- Daarom doen die Bybel 'n beroep op ons dat ons *verander moet word* deur die nuwe insig wat ons het.
- Daar word klem gelê op die doel en die resultaat van hierdie verander word: Die verander word kom tot stand deur die toetsing en toe-eiening van die wil van God. Ons moet letterlik proe hoe heerlik dit is om die wil van God te doen en om dit te wil aanhou doen.
- Die Bybel wys op die feit dat die huidige lewenstyl van die wêreld nie is om God se wil te soek en na te volg nie.

Die apostel Paulus roep uit dat daar volgens God se gebooië geoordeel moet word wat goed en reg is.

- Die wêreld propageer homself in sy eie beginsels en leef vrolik, maar Paulus stel daarteenoor dat die Here van niks anders hou as wat Hy beveel het nie.
- In die wêreld se poging om volmaaktheid te bereik, val dit van God se Woord af weg in allerhande nuwe vindings in.

Die Here toon in hierdie gedeelte aan dat volmaaktheid in die wil van die Here is, en sodra mense hierdie grens oorskry, word hulle deur valse waardes bedrieg. Die manier hoe ons verander word, word ook deur die Bybel beskryf:

Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is. (2 Korintiërs 3:18 AFR53).

Ons word nie net in ons uitwendige lewe verander nie. Hierdie vernuwing van insig moet van binne uit kom. Ons hoef ons ook nie daarvoor te bekommer of dit ooit sal kan gebeur nie, want die Heilige Gees bewerk inderdaad hierdie verandering in ons.

- Die Here sê dat Hy ons gered het deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees (Titus 3:5; 2 Korintiërs 4:16).
- Hierdie nuwe mens waarin ons deur die Heilige Gees verander word, dra al hoe meer die beeld van ons Skepper en die volle kennis van God (Kolossense 3:10).
- U moet net besef dat die duiwel nie met hierdie nuwe mens tevrede is nie, en dat hy hierdie nuwe mens met al sy mag sal aanval en probeer vernietig. Die apostel Paulus het dit ook ervaar. Hy skryf dat hy altyd 'n ander wet in hom gesien het wat hom wil gevange neem, en hierdie ander wet is die sonde (Romeine 7:23, 25).
- Die verandering gaan hand aan hand met onderskeidingsvermoë. Dit beteken dat ons denkrigting en lewensrigting verander en vernuut moet word. Ons is op Golgota deur die Here Jesus vernuut sodat ons anders kan lewe.
 - Sy liggaam is stukkend gemartel en met ysterspykers aan kruisbalke vasgeslaan.
 - Hy was heeltemal alleen – selfs God het Hom verlaat.
 - Dit alles was omdat dit was hoe God ons sondes gestraf het sodat ons uit die dood uit in die ewige lewe in verlos kon word.
 - Ons is op Pinkster met die inwoning en leiding van God die Heilige Gees verryk.
 - Die Heilige Gees bewerk onderskeidingsvermoë in ons verstand sodat ons kan sien wat reg is en wat verkeerd is.

Hierdie vernuwing wat die Here Jesus deur die Heilige Gees in ons bewerk, beteken dat dit 'n vernuwing moet wees volgens die beeld van Christus. Ons kan nie maar lewe soos wat ons wil en doen wat ons wil nie. Ons moet wees wat Jesus wil hê dat ons moet wees (en ook hoe Hy as mens was): heilig, goed, reg en gesond.

U kan dalk twyfel of ons ooit in hierdie toestand sal kan ingroei en volhard.

- U moenie twyfel nie, want dit is waarom die Here Jesus u vandag na sy nagmaaltafel toe geroep het.
- Hy verseker u dat u nie meer die eiendom van die duiwel is nie.
- Hy het u deur sy verdienste aan die kruis oorgebring in die ewige koninkryk van God in (DL. 3/4:10).
- Die Heilige Gees verseker aan u dat u deur die Here saamgebring is rondom die Nagmaaltafel, en dat Hy u met sy liggaam voed, u met sy Woord en Gees beskerm en opbou.

Amen.

Gebed

Psalm 32:4 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is, in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring. Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder, en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Formulier

Psalm 23:2, 3 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgevaar, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan, en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan – dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn, 'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn; dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Tydens Nagmaal: Psalm 116

Slotgebed

Slotpsalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy. Laat ons, met psalms uit vreugde gebore, / ons in die God van heil verbly. Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag – dit is die dag van groter dinge, / die gloriëteken van u mag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 17 November 2013